# Literati

Inhoud

Bl. 1 Notule van Algemene Jaarvergadering
Bl. 2 Grondwet
Bl. 3 Ordereels
Bl. 5 Inventaris van voorraad in Wendy-huis
Bl. 6 What to do in January
Bl. 7 Koning Herodus
Bl. 8 Fotobronne



## Boland Bonsai Kai

**Notule** van die Algemene Jaarvergadering, Landbousaal, 28 November 2020 om 13:00

**Aanwesig**: Henk van Graan (Voorsitter), Willem Burger, Charl Cilliers, Rowan Dent, Gerhard du Plessis, Mari-Louise du Plessis, Jan Esterhuizen, Kobus Fourie, Johan Morkel, Elsabé Retief, Louis Roos, Romano Samuels, Frans Swanepoel, Pam van Helsdingen, Winfried Lüdemann (notule)

**Verskonings**: Freddie Bischof, Ben-Herman Pieterse, Willem Pretorius, Johan Raath, Pietman Retief

Die Voorsitter, Henk van Graan, verwelkom alle lede en spreek `n woord van dank uit teenoor almal wat gehelp het met die reëlings vir die mini-skou, veral Romano Samuels. Hy wys daarop dat `n moeilike jaar agter die rug lê en spreek sy tevredenheid daaroor uit dat dit wel moontlik was om hierdie mini-skou te hou.

Hy gaan dan voort en lees die **Voorsittersverslag**.

Die Tesourier, Rowan Dent, lees die **FinansiëleVerslag** en wys daarop dat die klub `n heel stewige positiewe balans het. Die Covid-19 pandemie het daartoe bygedra dat die klub se uitgawes vir die jaar relatief laag was. Hy stel daarom voor dat ledegeld in die komende jaar nie verhoog word nie, dalk selfs verlaag word.

**Verkiesing** van ampsdraers vir die komende termyn

Romano Samuels deel die vergadering mee dat hy vanweë veeleisende werksverpligtinge nie beskikbaar is om die posisie van voorsitter oor te neem nie, soos by die vorige Jaarvergadering in die vooruitsig gestel nie. Op `n voorstel van Rowan Dent word Winfried Lüdemann dan verkies tot voorsitter vir die termyn 2021-2022. Romano Samuels is bereid om as ondervoorsitter voort tegaan. Die ander verkose ampsdraers is:

Tesourier: Rowan; Literati: Willem Pretorius; Verspreiding van nuusbrief en ander inligting: Mari-Louise du Plessis (slegs tot

einde 2021); Lootjies: Frans Swanepoel; Veiling: hierdie posisie word vakant gelaat (die moontlikheid om bome by die skou te verkoop word in die vooruitsig gestel); Skoumeester: Romano Samuels; Boomjag: Ben-Herman Pieterse

Tydens die bespreking van die Voorsittersverslag word besluit dat die klub se wendy huis teen einde Januarie 2021 verkoop word. Klublede sal voorkeur kry om `n bod te maak, anders sal dit adverteer word. Dieselfde geld vir die inhoud van die huis. Winfried Lüdemann onderneem om `n lys van items te maak, sodat lede kan besluit of hulle dit wil koop, in so verre die klub dit nie in die toekoms self wil gebruiknie. Onderhandelings met die US in verband met die klub se betrokkenheid by die versorging van die Erfenis Versameling se bome: Winfried Lüdemann deel die lede mee dat daar tans met die kurator van die BotanieseTuin onderhandel word oor `n memorandum van verstandhouding (MOU) en dat die gesprek `n gevorderde stadium bereik het. Lede van die klub maak verskeie insette oor wat hulle graag in die memorandum wil sien.

Ten slotte bedank Rowan Dent vir Henk van Graan vir die uitstekende leiding wat hy die afgelope twee jaar gegee en die klub se belange hooggehou het, te midde van `n baie moeilike jaar 2020. Die lede ondersteun hierdie mosie met sterk applous.

Die vergadering duur tot ongeveer 14:30 en daarna word die bome (net minder as 30) deur die aanwesiges bekyk en beoordeel. Johan Morkel se spekboom kry die meeste stemme, sy olienhout die tweede meeste, terwyl Pietman en Elsabé Retief se esdoringwoud derde kom.

`n Smaaklike ete word bedien en die klublede kry geleentheid om hulle bome te bespreek.



**Winfried Ludemann**

## BOLAND BONSAI KAI

## Grondwet en Ordereëls

### Grondwet van die Boland Bonsai Kai

**1 NAAM**

1.1 Die naam van die vereniging is **Boland Bonsai Kai**.

1.2 Die vereniging is `n nie-winsgewinde organisasie.

**2 DOEL**

2.1 Om belangstelling aan te wakker en deelname te bewerkstellig in die kweek van Bonsai.

2.2 Om die waardering en genieting van Bonsai te bevorder deur middel van byeenkomste, uitstallings, skoue en die publikasie van 'n gereelde nuusbrief.

2.3 Om inligting oor Bonsai en bonsaiverwante onderwerpe te verskaf aan lede.

2.4 Om met ander Bonsai verenigings, streeks-, nasionale- en internasionale organisasies te kommunikeer, om inligting, geleenthede en ondervindings aangaande Bonsai te deel.

**3 LIDMAATSKAP**

3.1 Lidmaatskap is oop vir enige individu of gesin soos in die ordereëls beskryf.

**4 BESTUUR**

4.1 Die Bestuur van vyf lede sal verkies word uit die lede om die poste soos uiteengesit in die ordereëls te vul. Dit is die bestuur se verantwoordelikheid om die klub te bestuur ooreenkomstig hierdie grondwet en die ordereëls wat daarmee saamgaan.

4.2 Die Bestuurslede sal by die Algemene Jaarvergadering verkies word deur die lede volgens die prosedures

soos uiteengesit in die Ordereëls.

4.3 Indien die uittredende voorsitter of ondervoorsitter nie tot ‘n ander pos in die nuwe bestuur verkies word nie sal die uittredende Voorsitter `n *ex officio* lid van die bestuur wees vir `n jaar om kontinuïteit te versker.

4.4 Die Bestuur sal die sake van die Kai behartig en kan enige gewillige geskikte lid van die kai vra om met spesifieke take soos die biblioteek en hantering van die nuusbrief te help.

4.5 `n Bestuur kworum sal bestaan uit drie bestuurslede.

4.6 `n Spesifieke besluit van die bestuur kan by `n gewone byeenkoms deur `n gewone meerderheid van lede, heroorweeg, herroep of nietig verklaar word op voorwaarde dat die vergadering uit ‘n kworum bestaan (sien 2.6 van Ordereëls).

4.7 Die bestuur sal die Kai se finansies op verantwoordelike wyse bestuur en bankrekeninge in die Kai se naam open en onderhou.

4.8 Daar sal jaarliks verslag gedoen word van die bestuur se bedrywighede deur middel van ‘n jaarverslag en ‘n finansiële verslag op ‘n algemene jaarvergadering.

**5 WYSIGINGS**

5.1 Die Grondwet kan gewysig word by `n gewone of spesiale byeenkoms deur `n twee-derde (2/3) meerderheidstem van lede teenwoordig.

5.2 Voorgestelde wysigings moet by `n byeenkoms aan die lede voorgehou word, en moet opgevolg word deur skriftelike kennisgewing veertien (14) dae voor die stemming by `n volgende byeenkoms.

5.3 Die vergaderings waarby die wysiging voorgestel word en aanvaar word sal behoorlik notuleer word en die gewysigde grondwet sal onderteken en dateer word deur die voorsitter van die vergadering en die sekretaris.

## <u>Ordereëls van die Boland Bonsai Kai</u>

**1 LIDMAATSKAP**

1.2 Individuele lidmaatskap sal bestaan uit individue.

1.3 ‘n Gesinslidmaatskap sal bestaan uit twee of meer individue, hierna genoem lede van `n gesin wat by dieselfde adres woonagtig is. Die lidmaatskapgelde vir gesinslidmaatskap sal die normale lidmaatskapgelde wees wat vir die jaar vasgestel is, plus 50% (vyftig persent).

1.4 Lidmaatskap is vir `n kalenderjaar en is betaalbaar met die Januarie-vergadering. Lede wie se gelde by die Maart-vergadering nog uitstaande is se lidmaatskap sal outomaties verval. Lede van die vorige jaar wat teen die Februarie vergadering nog nie betaal het nie sal per e-pos of gewone pos herinner word dat hulle ledegeld nog uitstaande is en dat hulle lidmaatskap in Maart sal verval.

1.5 Nuwe lede wat in die loop van die jaar vir die eerste keer aansluit, na Maart-maand, betaal 1/12 (een twaalfde) van die jaarlikse ledegeld per maand vir die aantal oorblywende maande van die jaar. Lede wat heraansluit ná Maart-maand en wat reeds die vorige jaar lidmaatskap gehad het sal verantwoordelik gehou word vir die volle lidmaatskapgelde vir die jaar.

**2 BYEENKOMSTE**

2.2 Gereelde byeenkomste sal gehou word op die laaste Saterdag van elke maand, tensy anders gereël gedurende die jaarbeplanning, behalwe November wanneer die Kai se jaarlikse skou plaasvind en Desember, wanneer die Kai se algemene jaarvergadering en afsluitingsfunksie gehou sal word. Hierdie laasgenoemde twee geleenthede sal minstens twee wkwe uitmekaar plaasvind.

2.3 ‘n Jaarprogram sal aan die begin van die jaar opgestel word om vergaderingdatums en voorlopige onderwerpe te bepaal. Die voorlopige

program sal teen die Januarie vergadering reeds aan lede beskikbaar gestel word.

2.4 Wanneer `n byeenkoms nie op die vooraf aangekondigde datum kan plaasvind nie, sal die voorsitter `n ander datum bepaal en die lede per pos, e-pos of telefoon laat weet, nie later nie as een week voor die normale datum of die nuwe voorgestelde datum, watter ookal eerste kom.

2.5 Spesiale byeenkomste kan aangevra word deur `n meerderheid van die bestuur. Die lede sal in kennis gestel word nie later as een week voor die byeenkoms nie.

2.6 `n Kworum sal bestaan uit 10% van die opbetaalde ledetal.

2.7 Elke lid sal een stem hê, met die Voorsitter wat stem slegs in die geval van `n staking van stemme.

2.8 Elke byeenkoms sal volgens normale byeenkomsprosedures gehou word.

**3 DIE BESTUUR**

3.1 Die bestuur bestaan uit die volgende lede met die volgende pligte of soos onderling deur die bestuur ooreengekom:

- Voorsitter: Die voorsitter sal voorgaan by alle byeenkomste van die Kai en die Bestuur, en sal `n nie-stemmende lid van alle subkomitees wees.

  Ondervoorsitter/Skakel beampte: Die ondervoorsitter sal die take van die voorsitter oorneem in alle gevalle van afwesigheid van die voorsitter en skakelwerk met ander klubs, die media en nasionale en internasionale verenigings behartig.

  Sekretaris: Die sekretaris sal notule hou van alle bestuursvergaderings van die Kai en sal genoemde notules op versoek beskikbaar stel en sal ook alle korrespondensie van die Kai hanteer.

  Tesourier/Winkelier: Die tesourier sal alle gelde ontvang en hanteer. Die tesouriers kan die gelde deponeer in die Kai se rekening, en sal `n spesifieke verslag hou van alle inkomstes en uitgawes. Die tesourier is ook verantwoordelik vir die bedryf of bestuur van die Kai se winkel en winkelvoorraad.

  Skoumeester/Werkswinkelkoördineerder: Die skoumeester en Werkswinkelkoördineerder is verantwoordelik vir die reël van skoue en werkswinkels soos aanbeveel deur die bestuur.

3.2 Die bestuur sal ook jaarliks lede aanstel om die volgende take te verrig:

- Redakteur van die nuusbrief om ‘n gereelde nuusbrief uit te gee wat bonsai- en klubsake aan lede bekend maak
- Bibliotekaris om die Kai se biblioteek te bedryf en toe te sien dat daar behoorlike beheer oor die boeke se uitleen en teruggee is.

**4 VERKIESINGS**

4.1 Alle lede van die bestuur sal jaarliks verkies word by die algemene jaarvergadering deur `n meerderheidstem van die teenwoordige lede.

4.2 Die bestuur sal by die Oktober byeenkoms, twee maande voor die AJV en bestuursverkiesing, `n lys van moontlike kandidate voorlê en verdere voorstelle sal van vloer aanvaar word. Voorgestelde kandidate moet hulself verkiesbaar stel vir die pos waarvoor hulle voorgestel word.

4.3 Elke lid sal een stem vir elk van die poste op die bestuur uitbring.

4.4 Die dienende voorsitter sal die verkiesing reël volgens normale verkiesinsprosedure.

4.5 Elke lid van die bestuur sal verkies word vir `n spesifieke pos vir `n tydperk van een kalenderjaar.

4.6 Geen voorsitter sal vir langer as twee opeenvolgende jare dien nie. Dieselfde persoon kan egter wel na `n tydperk van een kalenderjaar weer verkies word.

4.7 In geval waar die pos van voorsitter gedurende die jaar vakant word, sal die ondervoorsitter die voorsitter word. Alle ander vakatures op die bestuur sal gevul word deur middel

van koöptering deur die bestuur.

**5 KOMITEES**

5.1 Die voorsitter sal enige komitee wat nodig mag wees om die funksionering van die Kai te bevorder saamstel of ontbind.

5.2 Alle komitees wat deur die voorsitter aangestel word, is onderworpe aan goedkeuring deur `n meerderheid van die bestuur.

5.3 ` n Vaste oudit-komitee van twee (2) lede sal deur die bestuur aangewys word, en die Kai se boeke sal elke jaar ge-oudit word voor die die algemene jaarvergadering en die finansiële verslag en voor die nuwe Tesourier se pligte opneem. Hierdie oudit komitee mag die huidige tesourier insluit en die ander lid sal die bevoegdheid hê om die boeke te oudit. Laasgenoemde hoef nie lid te wees van die bestuur of die Kai nie.

**6 WYSIGINGS**

6.1 Die Ordereëls kan gewysig word by `n gewone byeenkoms of spesiale vergadering deur `n twee-derde (2/3) meerderheid van die lede wat teenwoordig is.

6.2 Voorgestelde wysigings moet by `n byeenkoms aan die lede voorgelê word, en moet opgevolg word deur `n skriftelike kennisgewing veertien (14) dae voor die stemming by die volgende byeenkoms.

6.3 Bewaar asseblief hierdie kopie van die Grondwet en Ordereëls

Onderteken en aanvaar by ‘n vergadering:

Voorsitter

## Inventaris van voorraad in Wendy-huis , agterplaas van die Botaniese Tuin

14 wit plastiekstoele

1 yster staander, wat lyk soos `n musiekstaander

10 swart kartonpype, wat as boomstaanders by die skou gebruik is

1 swartbordstaander (hout)

1 groenbord

15 wit panele (plastiek/hout), waarvan sommiges die dimensies van `n tafelblad het

4 oorspronklike tekeninge/ skilderye (ink) met bonsaibome as onderwerp

groot hoeveelhede skadunet (swart en groen)

`n aantal vertoonstaanders waarop bome by `n skou geplaas kan word

blou tafeldoeke en hessian

geraamde oorkonde met betrekking tot die trofee van Glen Barkhuizen “Most outstanding tree on show”

`n skildery van bamboes (ink) wat as een van ons trofees gebruik is toebehore vir ons skou (bv. gelamineerde naamkaartjies, houtblokke, brosjures ens.

2 staanders vir mame en ander klein bome wat ons by die skou gebruik

4 of 5 wattel- of bamboesskerms wat as agtergrond vir bome by `n skou gebruik kan word, maar ook buite in `n tuin goed sal vertoon

1 rol foelie (silwer) wat miskien as isolasiemateriaal bedoel is

ongeveer ses swart houtbokse van verskillende groottes, wat ons as basisse vir bome by die skou gebruik

1 kateder (hout)

1 leë houer vir “Cordless garden trimmer” (ek wonder waar die stuk gereedskap self is)

1 trofee vir beste boom met blomme

Enkele bonsaipotte

1 “stool” (hout)

1 item wat lyk asof dit die skerm vir `n oorhoofse projektor kan wees

BAIE ROMMEL!!!

## What to do in January

### Stephen le Roux

(There is no copyright on this article. Please feel free to copy it. Keep in mind it’s

written with the Western Cape weather in mind.)

Summer is here and the days are hot, warm and windy. The wind will cause bonsai to dry out very quickly. Take good care when watering your trees and, when you decide to hide inside from the heat, do remember that your trees are still outside and need water. In the heat, together with the wind you can lose your favorite bonsai within a few hours. Do try and water twice a day. Also misting your trees during the day will help to cool them down and keep the soil moist. (I still need to see any damage due to watering in the heat of the day caused by water drops on the leaves!)

You will find that the trees are developing slower during this time of the year. This will give you time to catch up on your bonsai work. Do keep track of wiring on your trees. The branches thicken rapidly and can cause wire bite.

You may find that trees like maples will have dry edges on their leaves. Don't worry about it. It's caused by the high temperatures and the wind damaging the leaves.

Keep to normal feeding programs feeding your trees on a monthly basis.

Pest and diseases may be found less frequent due to the low humidity but do keep a lookout for them and control when necessary.

Mame trees can be placed on humidity trays. This can be made from drip trays filled with river sand or gravel. Put enough water in the drip tray to the level of the gravel/sand. Then place the mame on the gravel. Do not let the pot stand in the water. If the pot is placed in the water it will cause root rot on the mame. The idea is for the water in the drip tray to form a more humid environment around the tree. Several mame can be placed on the same drip tray.

Maples and White Stinkwood can still be defoliated. This will help to replace leafs damaged by the wind, will force the tree to produce smaller leaves and also give you the opportunity to work on your development of the tree, prune unwanted branches and wire were necessary. Just remember that if you decide to defoliate a tree to reduce the size of the leaves, do not feed the tree for at least two months after defoliation. Feeding it will have the result of bigger leaves. Do not defoliate a tree that's not healthy. When your tree start to push new leaves (around two weeks after defoliation), place the tree in an area protected from the wind, or the leaves again will get damaged.

Figs can still be repotted.

Do usual maintenance pruning, pinching back new growth and developing the tree.

Also look out for signs of Thrip on your Wild Olives. On the first sign of marks on the Olive leafs spray your

trees. Look for white fly on the underside of the leaves of Olives. Spray your olives with a preventative spray for root rot.

Prune Elms by constantly pruning the new growth back to 2 to 4 leafs. Make also use of the clip and grow method to develop the tree. Remove unwanted growth on your Elms. Choose the branches that you need to develop on new trees and remove the rest.

Weeds also tend to grow fast this time of the year and can become a problem.

**Willem Pretorius**

Koning Herodus is nie net bekend vir die slagting van seuns in sy soektog na Jesus nie, hy was ook ‘n bonsaiman.

In verskeie nuusbriewe van Israel en koerante in Engeland word vertel van die jongste argeologiese ontdekkings by die koning se winterpaleis in Jerigo. instruksies oor hoe om hierdie boompies te kweek wat ek beskou as die Mediterreense broer van die ekstreme dwerggroei van Japanese bonsai,” skryf sy.

Nou wat wou Herodus bereik? Sy reken die doel was om te illustreer dat mense oor die natuur heers, dat hooggeplaaste besoekers meerderwaardig sou voel en groter as die bome.

“Dit het ook aan besoekers gewys dat Herodus se mag en welvaart nie beperk was tot sy heerskappy van sy onderdane nie maar ook in sy beheer van natuurkragte – om die bome te vorm en ‘n weelderige tuin in die woestyn te hê.”

Sy meen die tuin het verseker ‘n blywende indruk op besoekers van die elegante kunsmatige oase in die woestyn van Jerigo gehad. Die boompies en struike was welig en groen en saam met die uitstaande argitektuur van die binnehof simboliseer dit Herodus se oorheersing en welvaart in die Romeinse wêreld. Kathryn Gleason, professor van landskapargitektuur van Cornell-universiteit, reken Herodus het altyd sy paleise op ekstreme plekke gebou wat vir mens en plant veeleisend was.

Die snoeiwerk en onderhoud was volgens die navorsers arbeidinternsief en daarom is slawe ingespan.

Hoewel daar bewyse is dat bonsai in die Romeise Italië gekweek is meen hulle ook dat Herodus oorspronklik was en nie bloot net ‘n navolger nie. Hy kon sy inspirasie van tuine in die Nabye Ooste of Egipte gekry het wat baie gesofistikeerd was.

Die meeste geskiedskrywers glo dat die Bybelse slagting van seuns onder twee om Betlehem nie gebeur het nie. Hy het wel sy vrou, sy skoonma en seuns laat doodmaak.

Ek is baie bly hy het nie sy bonsais vermoor nie…..

## Fotobronne

Bl. 1 Pinterest
Bl. 2 Willem Pretorius

Bl. 8 Verskaf

Bl. 8 Pinterst

**Hierdie ficus is 1010 jaar oud en staan in die Crespimuseum vir bonsai buite Milan**

**Montezuma cypruss in Oaxaca Mexico. It is said to**



**have the stoutest tree trunk in the world**

